

## 'N ORIENTERING IN BREE TREKKE: BEGRIPS- EN PLEK-BEPALING VAN DIE KONINKRYK VAN GOD T.O.V. EN IN VERHOUDING TOT DIE UITVERKIESING, DIE KERK, DIE VERBOND EN DIE MAATSKAPPY

Die bedoeling van hierdie oriëntering in breë trekke (op besonderhede gaan ander referente in) is veral 'n poging tot die bepaling van groothede wat die Bybel ons gee (in die koninkryk van God, verbond, kerk en maatskappy het ons met groepe of groeperinge mense te doen) en hulle plek, vorm en bedoeling vir sover dit die mens, en met name die gelowige, in sy verhouding tot God aangaan. Dat hierin van die uitverkiesing in Christus uitgegaan en daarop telkens teruggekeer word, spreek vir die gereformeerde teoloog vanself.

### 1. Die uitverkiesing in Jesus Christus

Om oor die uitverkiesing as 'n soewereine en regverdige daad van God te spreek, is dit nodig dat ons eers aandag skenk aan die *raad* (besluit, raadsbesluit, voorneme, wil en ewige welbehae) van God. Hierin gaan die Dordtse Leerreëls ons voor (1 : 6: „die uitverkiesing kom voort uit sy ewige besluit”, Hand. 15 : 18: „Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend”; Ef. 1 : 11: „... nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil”; 1 : 7: „onveranderlike voorneme van God”; 1 : 8: „een welbehae, voorneme en raad van die wil van God”, ens.).

### Die raad van God

God is die Skepper, die Oorsprong van alles en sy *wil* is die bestaansgrond van alles (Openb. 4 : 11b: „want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape”; Ps. 33 : 9: „Want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan”). Hierdie besluit van God se wil oor alles wat was en wat is en wat sal wees, noem ons *die raad van God*. Die raad is: *Vry*: dit is 'n vrymagtige wilsbesluit van God na sy welbehae (Matth. 20 : 15: „Of staan dit My nie vry om met my eie goed te maak wat Ek wil nie?”). *Wys*: die vrye wil en welbehae van God is nie willekeur nie, maar wysheid (Ps. 104 : 24: „U het hulle almal met wysheid gemaak”). *Ewig*: ewig dui aan dat God se raad die tydelike lewe bepaal en nie omgekeerd nie (ons kan ewig immers nie as vooraf of agterna kwalifiseer nie) (Ef. 1 : 4: „voor die grondlegging van die wêreld”; Hand. 15 : 18 en Jes. 46 : 9). *Onveranderlik*: Jes. 46 : 10: „... My raad sal bestaan ...”; Ps. 33 : 11: „die raad van die HERE bestaan vir ewig...”. God belowe wat Hy wil doen as daar geloof en gehoorsaamheid is en Hy verkondig wat Hy sal doen (Jes. 41 : 22 vv.: „Laat hulle aanbring en ons te kenne gee wat gaan gebeur...”

## 6 In die Skriflig

en wat volg; Jes. 42 : 8, 9: „Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor”).

### *Die doel en die middele van die raad van God*

Die einddoel van die vrye, wyse, ewige en onveranderlike wilsbesluit van God na sy welbehae, is die *ewige koninkryk van God se eer of God se ewige eer*. Ek noem dit, in onderskeiding van die term „die koninkryk van God of van die hemele”, die *Regnum gloria Dei*. Hierdie gloria Dei as doel is die eer van God in en deur Homself en nie in en deur die skepping of die skepsel nie. (Vgl. Rom. 11 : 36: „Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid”). In God se besluit tot die gloria Dei lê opgesluit die wil om dit uit te voer en dit is die oorsaak van die bestaan van alle dinge (Spr. 16 : 4: „Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil”). So is die skepping nie doel nie, maar wel *middel* tot die doel van die ewige regnum gloria Dei (Openb. 4 : 11: „U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape”). Hierin moet ons ook die sonde sien; nie dat dit God sondig maak nie, maar juis dat Hy die mens skep onderworpe aan sy wil tot die ewige gloria Dei. Die méns oortree die wíl en maak sonde tot sonde; die wortel daarvan, ongehoorsaamheid, lê juis in die verwerping van God se eer en die soek na die eie eer.

Die ewige eer van God moet dus nie verwar word met die eer wat die skepsel Hom moet toebring nie: die eerste is doel en die tweede middel. Die gloria Dei bestaan immers ook en veral buite die skepping om. Dit is 'n ewige heerlijkheid (Joh. 17 : 5: „Verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was”, en ook vs. 24; Ps. 2 : 7; Spr. 8 : 30; Ef. 1 : 9).

Ook is die saligheid van die uitverkorenes nie doel of selfs newedoel van die raad van God nie. Dit is en bly altyd 'n middel tot die doel van die ewige en heerlike Godsryk (Rom. 9 : 22—24; Openb. 4 : 15; 5 : 12; 14 : 7; 19 : 1).

Ons moet daarop let dat heer-likheid en heer-skappy baie na aan mekaar lê. Dit gaan in die raad van God ten slotte om God self, die HEER, HERE, die Koning. Die skepping is daar as middel tot die ewige heer-skappy en heer-likheid van die HERE; dit is volgens die wil van God onderworpe aan die heerlijkheid en heer-skappy van God, met die doel om uit te loop in die ontknoping van die raad, die voleinding daarvan in die ewige regnum gloria Dei (d.w.s. die heerlike heerskappy van God). (Op hierdie heer-likheid —heer-skappy kom ek later terug.)

### *Die predestinasie en die uitverkiesing*

Die hoofdeel van die raad van God is die predestinasie, d.w.s. die deel wat handel oor die geestelik-redelik wesens, die engele en die mens. Formeel is die predestinasie die gehele voorbeskikking

aangaande die wesens, en die uitverkiesing en verwerping die dele. Die predestinasie gaan oor die hele mensheid se skepping, sy bestaan onder die wetmatigheid van die skepping, dat hy in sonde kan val, dat redding kan geskied en dat daar middels is om die doel van redding te bereik. Die uitverkiesing gaan egter oor die enkele persoon, 'n nominale beskikking oor die individu. Dit moet egter nie individualisties opgeneem word nie, omdat die uitverkiesing die mens juis nie uit die organiese verband met die menslike geslag lig nie, maar hom daarin hou as lid van die liggaam van Jesus Christus. In die liggaam van Christus tree die organiese verband, die nuwe mensheid, suiwer na vore, terwyl by die verwerping hierdie band totaal gemis word en daar sprake is van absolute individu, die absolute gemeenskapsloosheid.

Ons kan die uitverkiesing derhalwe sien as die doel van die predestinasie, maar beide is diensbaar as middels aan die doel van die raad van God, nl. sy ewige glorie (Spr. 16 : 4).

### *Jesus Christus en die predestinasie en uitverkiesing*

Van kardinale belang vir ons onderwerp is nou die plek van onse Here Jesus Christus in die predestinasie en uitverkiesing, vir sover ons dit uit die Skrif kan benader.

Die hele skepping is, soos aangetoon, in die raad van God bepaal. In die skepping kom tot uiting die *heerskappy* van God oor alle dinge wat direk moet lei tot die *selfverheerliking* van God, die ewige heerlijkheid van God, die regnum gloria Dei, wat die einddoel van die raad is. God se heerskappy is dus middel (tot ewige heerlijkheid) en doel op sigself (ewige heerskappy). Daarom fundeer God sy koninkryk in die skepping en kom sy heerskappy in die hoogste sin aan die lig in sy heerskappy oor en in die hart van die mens, wat Hy geskape het as sy beeld en as koning (onder Hom) van die skepping. Die koningskap van die mens, en hierby moet ons byreken die koninkryk of dit waaroor hy heerskappy in gehoorsaamheid aan God moet voer, is middel tot die doel van God se heerlijkheid (Ps. 8 en Hebr. 2 : 8: „want in die onderwerping van alle dinge aan hom (die mens) het Hy (God) niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie”). Daar is dus 'n ewige heerskappy van God (middel en doel in sigself) en 'n heerskappy van die mens, nl. 'n amptelike geroepenheid wat in gehoorsaamheid volbring moet word as middel tot die doel van God se ewige heerskappy en heerlijkheid. *Hierdie laasgenoemde middellike en geroepe heerskappy van die koning-mens oor die skepping wat aan hom onderworpe is, word in Nieu-Testamentiese sin die koninkryk van God of van die hemele genoem.* Ek kom hierop later weer terug.

Satan versteur en verbreek hierdie heerskappy; hy bou 'n eie ryk op wat die heerskappy aan God én ook aan die mens wil ontnem. Soos God sy heerskappy aan die lig laat kom, in hoogste mate, deur te heers oor en in die hart van die mens en wat so die mens in gehoorsaamheid aan God koning maak, so spits Satan hom daarop toe om sý heerskappy in hoogste mate te laat uitkom oor en in die

hart van die mens en wat die mens — in ongehoorsaamheid aan God en gehoorsaamheid aan Satan — tot slaaf van die Satan en die sonde maak. *Die triomf van God bestaan daarin dat Hy weer as God en ewige Koning erken word in die menslike hart, dat sy heerskappy oor en in die hart van die mens weer in gehoorsaamheid aanvaar word en dat die mens herskep en wedergebore en opnuut geroep word tot koning.* Daarom is die verkiesing, verordinerings en roeping van die Middelaar noodsaaklik, deur wie God die menslike geslag (d.i. die nuwe mensheid, die gelowiges) *uitverkies* tot terrein van sy heerskappy met die oog op die doel van die raad van God. Die hoofstrekking van die uitverkiesing in en deur Christus is die onskadelikmaking van die Satan en sy heerskappy (vgl. Sondag 1, H.K.) en van die sonde, en die daarstelling van die ewige heerskappy en heerlikheid van God in die regnum gloria Dei (vgl. Gen. 3 : 15; Openb. 20 : 15 en 21 : 1).

Deur sy vleeswording is Jesus Christus ook waaragtig en regverdige mens (Joh. 1 : 14: „En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon”; Hebr. 7 : 26: „... een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is...”). Terwyl Christus die herstelde mensheid verteenwoordig, is Hy deur absolute gehoorsaamheid (Joh. 4 : 34: „My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het”; Joh. 6 : 38: „Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het”) die Koning (Matth. 28 : 18: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde”) in die heerskappy van God of die koninkryk van God wat uitloop op die regnum gloria Dei. Deur die wedergeboorte word die uitverkorenes agter Jesus geskaar as die herstelde mensheid, die liggaam van Christus, wat gevorm word deur uitverkiesing en nie deur menslike willekeur nie.

Die hoofdoel bly dus die regnum gloria Dei; die sentrum is Christus, die Koning, die Middelaar tot die doel, en die liggaam van Christus kom by as nog 'n middel tot die bereiking van die doel (vgl. Ef. 1 : 3—23). Van die uitverkiesing is Christus die Hoof, die Eerste; dit is nooit anders nie as alleen deur Hom; eers en van ewigheid vind die verordinerings tot Middelaar plaas. En onder Hom, na sy amptelike aanstelling, word die uitverkorenes versamel of versamel Hy hulle. Hy werf nie die uitverkorenes nie, maar hulle word Hom gegee deur die Vader en Hy vergader hulle. Maar hulle is sy liggaam, in organiese sin eintlik uit Hom voortgekom — dit sny enige meganiese gedagte i.s. die vergadering of versameling af (vgl. Ps. 2: Hy is eerste van ewigheid, eers as Koning gesalf, dan volg dat God Hom die volke as erfdeel gee; ook Joh. 17 : 2, 6, 24 en Joh. 6 : 37, 39, 44, 45).

### *Die mens en die uitverkiesing in en deur Jesus Christus*

Op die gevaar af dat ek beskuldig kan word van nodelose herhaling, kom ek op die eerste deel van die vorige paragraaf terug, maar ek doen dit ter wille van duidelikheid. Met nog steeds o.a. Ef. 1 in gedagte, kan ons nou die posisie van die mens in die raad

van God en meer spesifiek in die uitverkiesing probeer stel.

Hierbo het ek gestel dat die koninkryk van God die amptelike heerskappy van die mens in vrywillige gehoorsaamheid aan God is. Die mens is as beeld van God geskape en het in hom gehad, kragtens sy beeldmatige skepping, lig, lewe, liefde en gees; maar God is, na sy Wese, lig, liefde, lewe en gees. In sy welbehag rig Hy dit op sy beeld, die mens, met die eis dat ook die mens die lig, liefde, lewe en gees in gehoorsaamheid na God sal rig tot sy ewige heerlikheid. Sodoende was daar *gemeenskap* tussen Skepper en skepsel. *Hierdie gemeenskap van God met die mens en van die mens in gehoorsaamheid met God het God tot openbaring laat kom in 'n bepaalde verhouding, nl. 'n verbondsverhouding, met name die werkverbond. Die eis van die verbond is dat die mens as koning heerskappy voer in die koninkryk van God, in absolute gehoorsaamheid aan God, met 'n gerigtheid van lig, lewe, liefde en gees na God tot sy eer en verheerliking (aangesien die heerskappy bedreig is deur die Satan), terwyl die belofte die ewige lewe in die ewige regnum gloria Dei is.*

Deur die sondeval verwerp die mens die heerskappy in gehoorsaamheid; hy is nie meer koning nie en 'n heerskappy of 'n koninkryk bestaan nie sonder 'n koning nie (eers as die Koning weer gekom het, die tweede Adam, spreek die Skrif daarvan dat die koninkryk naby is of gekom het — hieroor later meer); voorts verbreek die mens die verbond van die werke deur ongehoorsaamheid en 'n gerigtheid van lig, lewe, liefde en gees weg van God af. Die raad van God bly egter, ten spyte van die sonde wat die koninkryk en die verbond verbreek, onwankelbaar staan en ook word die eis van die verbond nie verander nie. Juis in hierdie onveranderdheid en onveranderlikheid lê die diepste grond vir die Theodicee, die God is God, EK IS WAT EK IS en die ewige regnum gloria Dei (vgl. veral hier die eerste hoofstukke van die Institusie van Calvyn). Dit is die wil en welbehag van God dat die volheid van die ewige glorieryk van God kom langs die weg van 'n herstelde mensheid, van 'n heerskappy in gehoorsaamheid aan God en in sy Naam en van die volbrenging van die eis van die werkverbond. Die herstelling is, soos hierbo genoem, deur Christus volbring. Die herstelde heerskappy is die genadeheerskappy van Christus of die koninkryk van God, terwyl die herstelde mensheid die uitverkorenes is, die nuwe mensheid wat hom in geloof en gehoorsaamheid onderwerp aan die heerskappy van Christus en wat bestem is om met Hom te regeer as herstelde konings.

Ook die gemeenskap tussen God en die mens, tussen die Skepper en die skepsel, is herstel in en deur Christus (Joh. 14 : 6: „Ek is die weg... Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”), omdat Hy in volkome gehoorsaamheid voldoen het aan die eis van die werkverbond. Dit laat God reeds in die paradys aan die gevalle mens as 'n belofte toekom en dit word in die genade van Christus gerealiseer, sodat die verbondsverhouding 'n genadeverbondsverhouding word. (Die eis en belofte van die werkverbond verskil nie van dié van die genadeverbond nie, maar Christus het die werkverbond borgtogtelik volbring, sodat die uitverkorenes deur sy krag

dit ook kan en moet volbring in die genadeverbond.)

Nou kan ons 'n paar konklusies stel, waaroor in die volgende hoofstuk meer gesê word:

- a. In en deur Christus herstel God die heerskappy tot sy doel; die uitverkorenes stel hulself gewillig en in geloof onder die heerskappy. *Dit is die koninkryk van God.*
- b. In en deur Christus herstel God vir die vestiging en uitbreiding van die koninkryk van God, die gemeenskap van die nuwe mensheid, die liggaam van Christus, d.w.s. *die kerk.*
- c. In en deur Christus is die verhouding tussen God en die uitverkorenes in dié heerskappy en gemeenskap die verhouding van die *genadeverbond* wat rus op die volbragte eis van die werkverbond.
- d. Die herstelling is van ewigheid deur God bepaal in sy raad en ons vat dit saam in die begrip en saak: *uitverkiesing.*

## 2. Die koninkryk van God, die kerk en die verbond

Ons moet nou die „koninkryk van God” of van die „hemele”, soos dit hom aandien in die Nuwe Testament, nader ondersoek.

### *Die Koningskap van Jesus Christus*

Allereers moet ons meer in besonderhede as hierbo oor die koningskap van Jesus spreek. Die malkoet Jahwe-gedagte in die Ou Testament laat duidelik voel dat die koninkryk van God nie is nie, maar nog *kom*. Die Nuwe Testament bevestig dit as gespreek word van die koninkryk van God wat naby is, gekom het en nog kom. In die Ou Testament word tewens 'n nou band gelê tussen die komende Messias en die komende ryk. In die Nuwe Testament word uitvoerig oor die koningskap van Jesus gespreek. Ek noem die volgende bewysplekke, waarvan opmerklik is in hoeveel gevalle in die Nuwe Testament Psalm 110 aangehaal word. Dit verteenwoordig 'n sentrale en gemeenskaplike belydenis van die nuwe-testamentiese skrywers. Waar hierdie Psalm aangehaal word, is dit duidelik dat Jesus die troon bestyg het en dat Hy sy koninklike amp uitoefen oor die kerk en die hele wêreld (Matth. 22 : 43 vv; Hand. 11 : 34 vv; Hebr. 1 : 13; 5 : 6; 7 : 17, 21; 8 : 1; 10 : 12; 10 : 13; 5 : 10; 6 : 20; 7 : 11; Hand. 5 : 31; 7 : 55; Rom. 8 : 34; Ef. 1 : 20; Kol. 3 : 1; 1 Petrus 3 : 22; 1 Kor. 5 : 25 ens.). Voorts het Jesus in tekens en wonders sy koninklike mag betoon oor die kragte van die natuur en die skepping, oor die legioene van die Bose en oor die leed en smart in die vervloekte wêreld. Die volle lig breek deur as Jesus verklaar dat alle mag in die hemel en op die aarde syne is en as Hy verhoog word tot die regterhand van die Vader; in ryk gevarieerde openbaring predik die apostels hierdie heerlikheid van God in hul briewe en die Openbaringe.

Ons moet 'n oomblik stil staan by Matth. 28 : 18: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde”. Dit blyk dat die

koninklike mag aan Jesus *gegee* of *verleen* is. Hier moet ons skerp onderskei tussen die koningskap wat Jesus amptelik as Middelaar beklee én sy ewige koninklike heerskappy as God. Hy is immers met die Vader en die Heilige Gees waaragtige en ewige God en het daarom wesensmatig en van ewighêid almag oor die skepping; dit is mag wat Hom nie gegee hoef te word nie en wat ver uitgaan bo die verworwe en verkreë heerskappy wat die Seun van die mens tans besit. Christus het die heerskappy in en deur gehoorsaamheid ontvang (vgl. ook die versoeking in die woestyn en die heerskappy van die Satan wat onregmatig na die kroon gegryp het; Filip. 2 : 8: „Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe . . . Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die *Here is tot heerlijkheid God die Vader*” — waarin ook na vore kom die middel en die doel van God se raad). Die heilige Skrif predik hierdie koningskap van Jesus van sy ontvangenis af aan en ook in die staat van sy vernedering (Joh. 18 : 37).

Die koningskap van Jesus is van geestelike aard (Joh. 18 : 36: „My koningskap is nie van hierdie wêreld nie . . .”; 1 Tim. 6 : 13 en Luk. 17 : 20). Die oorsprong daarvan is in die hemel geleë. Die wêreld staan inderdaad onder Jesus se mag, dog dit word nie positief deur Christus geregeer met uitwendige wêreldse middele nie. Die vraag hoe Hy dan wel die koningskap uitoefen, is vir ons onderwerp van groot belang, maar beland ons ook in die ou vraagstuk van die onderskeiding tussen die *regnum potentiae* (*potestatis*), en die *regnum gratiae*. Die eerste is sy koninklike mag oor hemel en aarde, oor volke, nasies, enkelinge, engele, die wêreld en die skepping. Die tweede is sy heerskappy in en oor sy kerk en elke terrein wat Hy opeis en waar Hy wil dat sy koninkryk sal kom — die staat, samelewing, wetenskap, kuns, gesin, skool en alle terreine van die menslike lewe en wat hom veelal openbaar as 'n stryd tussen die koninkryk van God en die ryk van die Satan. En, daaraan moet ons steeds bly dink, Christus herstel in hierdie koningskap *potentiae* et *gratiae* die oorspronklike luister van die deur God geskape en geroepe *mens-koning*.

Ons staan dus voor die feitlikheid dat Christus in sy omwandeling op aarde 'n koninkryk en koningskap openbaar wat mag én genade is: aan sy magswoord is gehoorsaam winde en storms en water en wyn en brood en visse en bome en mense en siektes en duiwels, én op sy genadewoord vergewe Hy sondes, belowe Hy die koninkryk en die paradys. Dit is Hy wat die seëls van die boek van God se raad verbreek en wat heers oor die koninkryke van die aarde en oor die grotes van die wêreld met al hul mag en grootheid, én wat sy liggaam beskerm en bewaar by die verlossing. Hy is erfgenaam van alle dinge (Hebr. 1 : 2), owerste oor die konings van die aarde (Openb. 1 : 5), Koning van die konings en Here van die here (Openb. 19 : 16). Jesus word egter baie meer Hoof genoem as Koning (Ef. 1 : 22; 4 : 15, 16; 5 : 23; Kol. 1 : 18;

## 12 In die Skriflig

2 : 9 ens.); en Hy heers deur sy Woord en Gees.

Ek sou daarom voel dat ons hier nie in twee ryke, dié van potentiae en gratiae moet onderskei nie, maar dat ons moet bly vashou aan die raad van God wat vir sy volvoering, naamlik die ewige regnum gloria Dei, die koningskap van Jesus as middel gebruik, naamlik in sy koninkryk of die koninkryk van God (van die hemele) wat die aspekte van mag en genade inhou. Daarom 'n regnum potentiae et gratiae. (Vgl. hier Ef. 1 : 20 vv.: „die krag wat Hy (d.i. God die Vader) gewerk het in Christus toe Hy hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge aan sy voete onderwerp (potentiae) en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is (gratiae) die volheid van Hom wat alles in almal vervul het”).

Met reg sou ons dan kan beweer dat aan hierdie koningskap van Jesus 'n einde kom en dat die koninkryk van God êrens ophou, aangesien koningskap én koninkryk middel is tot 'n doel. Inderdaad gee die Skrif ons daarvoor genoegsaam grond: 1 Kor. 15 : 27 en 28: „Want Hy (die Vader) het alles aan sy (Christus) voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy (die Vader) uitgesonder is wat alles aan Hom (Jesus) onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees”; Openb. 11 : 15: „Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid . . . dat U u groot mag aangeneem en as Koning geheers het”. Hierna of hiermee gaan die ewige glorieryk van God in, die doel van ewige heerskappy en heerlikheid van God Drie-enig is bereik, waarin onder die Hoof en Koning Jesus alle herstelde konings (uitverko-renes) oor alle skepsele regeer in ewigheid (H.K. vr. 32; 2 Tim. 2 : 12: „ons sal met Hom regeer”; Matth. 25 : 34: „Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af”).

### *Die koninkryk van God teenwoordig en toekomstend, vertikaal en horisontaal*

Met die koms van Jesus op die aarde en met sy volbrenging van die wil van die Vader in absolute gehoorsaamheid, kom ook die koninkryk van God weer op die aarde, soos in die voorgaande gestel.

Die Nuwe Testament leer ons dat hierdie ryk 'n teenwoordige werklikheid en grootheid is. In die prediking van Johannes die Doper en van Jesus lui dit dat die koninkryk van God „naby gekom” het (Matth. 3 : 2; 4 : 17; 10 : 7; Markus 1 : 15; Lukas 10 : 9). Die engzein moet hier inderdaad vertaal word met „naby gekom”. Iets wat ver was, staan nou voor die deur; wat skaduwee was, word werklikheid; profesie word vervulling ens. „Naderby gekom”



wat as vertaling aangedien word vanuit ewolusionistiese en eksistentiaalistiese hoek, is nie korrek nie. Die bedoeling is dan dat die mens 'n skrede nader gekom het aan die bereiking van sy doel as 'n hoë geestelike wese.

Voorts leer Jesus ook dat die koninkryk nie net naby is nie, maar ook gekom het. Hy sê: „Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God *by julle gekom*” (Matth. 12 : 28). Dit openbaar Jesus se koninklike heerskappy deur die binding van die Satan. So is ook die koninkryk van God verwag in die Ou Testament, naamlik die verbreking van die heerskappy van die duiwel, sodat Israel sonder vrees die Here kan dien (Luk. 1 : 74: „... dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien”).

In Matth. 11 : 12 is daar 'n vertaling-probleem: „Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld”. Βιάζεται kan hier as passief of intransitief opgeneem word. Die vertaling kan dus ook lui: „die koninkryk van die hemele gaan met krag voort”. Die passiewe vertaling van ons Afrikaanse Bybel laat in feite 'n tautologie ontstaan wat nie in die bedoeling van Jesus lê nie (vgl. die parallel Lukas 16 : 16: „die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin”; ook Lukas 13 : 24: „stry hard om in te gaan deur die nou poort”). Die ryk het gekom, dit gaan kragtig voort en mense gryp dit met krag, bestorm, roof dit, trek dit met geweld na hulle toe, wil die begeerlike erfenis hulle eie maak deur die geloof. Dit gaan dus nie oor die getalle nie, maar oor die krag van die evangelie en die teenwoordigheid van die koninkryk van God en die begeerlike opdringing daarna van mense wat eertyds ver gestaan het (tollenare en sondare ens.).

Lukas 17 : 21 dui ook op die teenwoordigheid van die ryk. „Binne in julle” moet m.i. met „onder julle” of „in julle midde” vertaal word. Die bedoeling sou dan wees: „Die koninkryk is nie die uitwendigheid wat julle verwag nie. Julle sien dit en verstaan dit nie, maar hier onder en tussen julle is Ek en die gelowiges (die dissipels), wat reeds die koninkryk is”. M.a.w. die koninkryk het reeds gekom.

Benewens die teenwoordigheid van die koninkryk, is dit duidelik uit die Bybel dat dit nie staties is nie, maar groei na 'n volkomeheid. Die gelykenisse in Matth. 13 : 1—52 en Markus 4 : 26—29 stel ons die koninkryk voor as 'n werklike teenwoordigheid wat klein begin, groei en 'n volkomeheidspunt bereik by die wederkoms van Jesus Christus. In die talryke uitsprake in die Skrif wat sien op 'n komende en voltooide koninkryk, word deurgaans 'n nou band gelê met die wederkoms van die Koning.

Die koninkryk van God kom derhalwe op die aarde met die geboorte van Christus as 'n teenwoordige realiteit; die oorsprong is vertikaal (van God of van die hemele) en dit groei horisontaal tot op die wederkoms van Christus, wanneer dit vertikaal (katastrofaal,

## 14 In die Skriflig

as 'n direkte ingryping van God, m.a.w. nie ewolusionisties nie) tot volmaking gebring word.

### *Die omvang van die koninkryk van God t.o.v. kerk en die wêreld*

Paulus dui in Ef. 1 : 22 en 23 twee terreine of kringe aan: „En Hy het alle dinge aan sy voete onderwerp en Hom as 'n Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul”. Ons weet dat die aanhaling uit Psalm 8 en, na sy betekenis, Psalm 110 uitdruklik sien op die *koninkryk van God*, terwyl voorts die *ekklesia* met name genoem word. Hierdie deling in twee groothede, koninkryk en kerk, beheers die hele hoofstuk (vgl. vers 7 en 10), terwyl die twee volgens vers 22 geskei is: daar is allereers die koninkryk waarin *alles* onder Christus se voete gestel is en dan die kerk wat sy liggaam is en waarvan Hy die Hoof is; voorts is daar verskil in die verband met Christus. By die koninkryk is die band dat Christus bo alles staan, terwyl Hy by die kerk ook daarbo staan maar tog ook deel daarvan is, want Hy is die Hoof en die kerk sy liggaam. Die omvang van die koninkryk is hier dus die hele kosmos, terwyl die kerk alleen met mense te doen het en uit die mense alleen die gelowiges (vs. 7).

Kol. 1 laat ons tot dieselfde konklusie kom.

Wat die teenwoordige realiteit van die koninkryk betref, kan ons derhalwe sê dat Christus die Koning daarvan is en Hy het oor die kosmos alle mag ontvang; van die kerk is Hy die Hoof en Hy is daarmee een en dit omvat die uitverkorenes.

Maar die koninkryk se omvang moet ook vanuit die toekomstige realiteit beskou word. Die ryk is wel teenwoordig, maar hier op aarde tog nie in georganiseerde vorm nie; dit is orals waar die geestelike weldade van Jesus geskenk is, maar nêrens afgerond of voltooi nie. In die toekoms, dit is duidelik, is alleen die uitverkorenes die burgers van die koninkryk. Hulle ingang daarin geskied nie deur farisese wetsonderhouding nie, maar deur bekering, geloof en wedergeboorte (Matth. 18 : 3; Markus 1 : 15; Joh. 3 : 3); dit staan ope vir die armes, verlore nes, tollenaars en sondare (Matth. 5 : 3; 9 : 11; 11 : 5; 28 : 30; Luk. 19 : 10), dit moet voor alles gesoek word (Matth. 5 : 20; 6 : 37; 13 : 44—46 ens.), dit word voorgestel as loon wat in die hemel bewaar word (Matth. 5 : 12) en is met sy hele inhoud die vergewing van die sondes (Matth. 9 : 2; 26 : 28 ens.). Binne die grense van die koninkryk word die heil van God geniet (die skat en die pèrel, Matth. 13 : 44—46), maar dit kom eers in volheid met die ewige lewe.

Vir die omvang van die koninkryk t.o.v. die wêreld (kosmos) kom ons weer terug op Kol. 1 : 13: „Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde”. Naas die breëre opvatting oor die omvang van die koninkryk soos gegee in Ef. 1, word hier dus 'n enger opvatting gegee, nl. dat dit in elk geval t.o.v. die mense beperk is tot die uitverkorenes. Die goddelose mense sal die koninkryk immers nie sien nie en dit nie binnegaan nie. Maar dan is hulle ook onder

ander heerskappy, nl. van die duiwel, die ryk van die duisternis. Behoorlike studie en vergelyking van die tersake plekke (Ef. 1, Kol. 1, 1 Kor. 6, Gal. 5, Ef. 5, Rom. 14, 1 Kor. 4 en 1 Thess. 2 : 12) laat ons sien dat Paulus die koninkryk van God sien vanuit die volkomeheid; die ongelowiges is daar steeds uit weggedoen, hoeseer hulle ook nou as dele van die kosmos, aan die heerskappy van Christus onderworpe is. Daar is dus 'n ideële én 'n reële siening op die omvang van die koninkryk t.a.v. die wêreld. (Op hierdie sake moet deur ander referente dieper ingegaan word.)

### *Kerk, koninkryk en verbond*

Die kerk is die deur God gewilde herstelde of nuwe mensheid; dit is die vergadering van mense wat God na sy welbehae sy heil skenk (Hand. 13 : 46; Rom. 8 : 29, 30; Ef. 1 : 3—12; Openb. 20 : 15); hiervolgens, en so word dit ook in ons kessie gestel, is die lede van die kerk uitsluitlik die uitverkorenes.

In die kerk soos dit hom aan ons voordoen, bevind hulle egter ook ongelowiges en buite die kerk is ook gelowiges. Daarby kom nog die feit dat ons ook die kinders van die gelowiges by die kerk moet reken (Hand. 2 : 39; 1 Kor. 7 : 14; Kol. 2 : 11). Die Skrif leer dat die kinders nie almal uitverkorenes is nie (Rom. 9 : 7—13) en die ervaring van die kerk soos hy hom aan ons voordoen, bevestig hierdie skrifgetuieis. Wat die omvang van die kerk betref, staan ons dus voor die feit dat die wese van die kerk (nl. die vergadering van die uitverkorenes) nie gedek word deur die verskyning van die kerk nie (nl. uitverkorenes en verworpenes of minder uitverkorenes as wat daar is).

Ons moet egter ook die aksent laat val op die herstelde gemeenskap, wat God in organiese vorm of as organisme tot openbaring bring in die liggaam van Jesus Christus. Vereiste van die gemeenskap in sy wesensbestaan of vereiste van lid te wees van die liggaam van Jesus, is die volbrenging in gehoorsaamheid van die eis van die werkverbond; dit geskied deur die verdienste van Christus in genade; die borgtogtelike volbrenging van die eis asmede die Volbrenger daarvan word in geloof aangeneem deur die uitverkorenes, wat derhalwe die herstelde gemeenskap die vorm van die genadeverbond gee.

So bestaan die kerk as vergadering van uitverkorenes verbondsmatig. Die verbond vind in die liggaam van Christus sy beslag en bevestiging; die belofte en eis daarvan word in die kerk beseël en bekragtig; toegang tot die kerk geskied deur die doop as verbondsteken wat weer toegedien word op grond van die geloof in Christus van die dopeling en sy voorgeslag. Die uitbreiding van die kerk geskied verbondsmatig en daardeur word ook die koninkryk van God uitgebrei (vgl. H.K. vr. 123).

### *Verbond, koninkryk en kerk*

Die genadeverbond is die wyse waarop God Hom in sy genade tot die gevalle mens gerig het en die verbroke gemeenskap met

hom herstel het. Die genadeverbond verteenwoordig die *vorm* wat God vasgestel en geopenbaar het en waarin die heil van die Here hom verwesenlik; die verbond word deur God gemaak met een mens (Adam, Abraham, Christus) en in die een betrek Hy die geslagte (Gen. 17 : 7).

Rondom die vraag na die omvang van die verbond is daar 'n legio probleme. Veral gaan dit in die gereformeerde teologie om die problematiek van die inwendige en uitwendige (sy van) die genadeverbond op grond van die woorde „want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie”, en „aan julle kom die belofte toe en aan julle kinders” (Rom. 9 : 6 en Hand. 2 : 39). Dit is duidelik dat die verbond alleen geld vir die gelowiges en hulle kinders; maar nou is nie alle kinders van Abraham gelowiges nie. Die toebedeling van die verbondsbelofte word dus nie bepaal deur die natuurlike geboorte nie, maar deur die wedergeboorte of geestelike geboorte wat openbaar word in die gelowige aanvaarding van Christus en gegrond is in die uitverkiesing. Aan die ander kant leer die Skrif dat daar kinders van die gelowiges is wat hul doop verloor en die verbond verbreek en tog Israel genoem word. Ek gaan nie op al die dinge in nie, dit word deur ander referente gedoen; ek konkludeer alleen in die algemeen dat die Skrif die omvang van die verbond ook van twee kante sien, nl. dat dit eensdeels alleen die uitverkorenes omvat en andersdeels kom daar ook die verlorenes by.

Die verbond ken aan die uitverkorene in sy lewe en werke as burger van die koninkryk en as lidmaat van die kerk 'n belangrike plek en taak toe (daar is immers twee partye in die verbond). Die bondeling moet naamlik die Goddelike beloftewoord van die verbond *bewaar en onderhou*; hy moet in *geloof en gehoorsaamheid* voor die aangesig van God lewe; hy moet die sigbare teken van die verbond dra (doop, besnydenis); hy word opgewek om God te *ken en te dien*; om die sonde en die boosheid uit die midde van die kerk te verwyder; om stryd te voer teen die vyand en die sonde; hy moet bely, berou hê en hom bekeer; hy moet die oordeel vrees en op die smal weg wandel ens. M.a.w. die uitverkorene kom Goddelik seker die heilsbelofte toe op grond van die verkiesing, maar hy bly in alles verantwoordelik om in die krag van Christus aan alle eise te voldoen. Wie nie aan die eis voldoen nie (en dit geld hier die uitwendige mense, die gevynsdes, die ongelowiges ens.), ontvang ook nie die belofte nie, maar haal oor hulle die *verbondstoorn*.

### Oriënteringskonklusie

1. Voor die sondeval bestaan op die aarde:
  - a. Die koninkryk van God waarvan Adam die koning is. In absolute gehoorsaamheid volbring hy in die Naam van God die heerskappy oor die skepping.
  - b. Die gemeenskap tussen God en mens wat amptelik uitkom in die gerigtheid van lig, liefde, lewe en gees.
  - c. Die verbondsverhouding tussen God en mens waarin die

heerskappy én die gemeenskap tot openbaring kom en waarin vas staan die ewige lewe in heerlijkheid, verbonde aan die eis van gehoorsame heerskappy en amptelike gemeenskaps-oefening.

- d. Die doel van die skepping en van die heerskappy en gemeenskap en verbond is die ewige heerlijkheid en heerskappy van God in die regnum gloria Dei.
2. Aan die doel van die regnum gloria Dei verander die sondeval niks nie; daarom bly ook onveranderd staan die eis van heerskappy in gehoorsaamheid en gemeenskapsoefening, m.a.w. die eis van die werkverbond bly. God die HERE herstel nou kragtens die uitverkiesing:
  - a. Die heerskappy in gehoorsaamheid deur die koningskap van Jesus Christus wat in gehoorsaamheid volbring word.
  - b. Die gemeenskap van die uitverkorenes met God deur Jesus as 'n herstelde mensheid of die gemeenskap van die heiliges of die liggaam van Jesus of die kerk.
  - c. God laat die herstelde heerskappy en gemeenskap tot openbaring kom as 'n sekerheid in die vorm van die genadeverbond wat rus op die verdienste van Christus in die werkverbond.
3. Die vestiging of hervestiging van die koninkryk van God is 'n magtige en saambindende middel in die hand van die HERE om die doel van die ewige regnum gloria Dei te bereik. Voltooiing van die koninkryk is op sy beurt die doel van die kerk; deur die kerk word die koninkryk uitgebrei en voer dit stryd teen die ryk van die Satan tot die volkomenheid van die koninkryk van God toe.
4. Die vorm of wyse waarvolgens die koninkryk van God kom en voltooi word en die kerk bestaan, val weg wanneer die tweede doel (die voltooiing van die koninkryk van God) en die eerste doel (die regnum gloria Dei) volbring is. M.a.w. die verbondsbetrekking val weg sodra die derde party waarteen die verbond opgerig is, finaal uitgeskakel is.
5. Die middel vir die koms en voltooiing van die koninkryk, nl. die kerk, val assodanig weg wanneer die genoemde doel bereik is. Die middel vir die bereiking van die doel van God se raad, nl. die koninkryk van God, val weg sodra die regnum gloria Dei ingaan. Die gemeenskap en die heerskappy bly dan ewig voortbestaan as die burgers van die regnum gloria Dei op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. In en deur Christus Jesus is God-Drie-enig dan alles in almal tot sy ewige heerlijkheid en heerskappy.

K. S. van Wyk de Vries.

*(Gelewer voor G.T.V. Pretoria, April 1969).*